HANTAM MUNISIPALITEIT
HANTAM MUNICIPALITY

KENNISGEWING NR: FIN & KORP – 09-2020/2021

Hantam Munisipaliteit, met sy setel op Calvinia, beskik tans oor die volgende vakature en aansoeke word ingewag van bevoegde persone wat aan die gestelde minimum posvereistes voldoen. Voorgeskrewe aansoek vorms is beskikbaar by die kantore en op die webtuiste (**www.hantam.gov.za**) van Hantam Munisipaliteit. Hantam Munisipaliteit is 'n gelyke geleentheid werkgewer en eerbiedig die bepalings van die Wet op Gelyke Indiensneming. Vroue, Swart mans en Swart vroue en persone met gestremdhede word aangemoedig om aansoek te doen.

KASSIERE/KLERK (LOERIESFONTEIN)

VEREISTES:

Om te voldoen aan die vereistes van die pos, moet u oor die volgende beskik:

- Graad 12 (NQF 4)
- Rekenaargeletterdheid
- 1-2 Jaar werksondervinding in 'n finansiële omgewing.
- Geregistreer wees op E-NATIS as Graad L Beampte
- Moet beskik oor goeie administrasie en syfervaardighede.
- Akkuraatheid en die vermoë om aandag te gee aan detail
- Moet beskik oor goeie interpersoonlike en kommunikasie vaardighede.
- Vermoë om onafhanklik, onder druk te kan werk en om sperdatums na te kom.

SLEUTEL PRESTASIE AREAS

- Verseker dat alle voorbereidings rakende die ontvangs van kontant vloei is gedoen volgens die departementele riglyne.
- Verseker dat kontant bestuur prosedures gevolg word volgens beleid.
- Verseker dat relevante dokumentasie wat betalings vergesel die regte inligting reflekteer voor vaslegging.
- Verseker dat alle relevante inligting vasgelê is en betalingsgeskiedenis handhaaf word.
- Verseker dat alle inligting ontvang vanaf eksterne kantore korrek is en dat informasie by ontvangs en volgorde nommers ooreenstem.
- Verseker dat administratiewe prosesse gevolg word volgens finansiële en departementele vereistes.
- Verseker dat die regte prosedures gevolg word tydens die kontantafsluitings.
- Verkeersverpligtinge op E-NATIS wat insluit: aansoeke vir registrasie van motor voertuie, aansoeke vir Leerlinglisensies, Bestuurderslisensies, Openbare Bestuurspermitte (PDP) en Leerlinglisensie toetse

STANDPLAAS: Loeriesfontein

SALARIS: Beginkerf T07

SLUITINGSDATUM: Vrydag 07 Mei 2021

Gesertifiseerde afskrifte van u Identiteitsdokument, Kwalifikasies, Getuigskrifte nie ouer as 1 jaar nie asook ‘n volledige CV moet u aansoekvorm vergesel.
Indien u nie binne 3 weke na sluitingsdatum terugvoering van die Munisipaliteit kry nie, kan u u aansoek as onsuksesvol aanvaar.

Neem kennis:

- Slegs kandidate op die kortlys sal gekontak word.
- Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.
- E-pos aansoeke sal ook aanvaar word.
- Gunswerwing by Raadslede en/of enige lid van die aanstellingskomitee en/of enige personeellid van Hantam Munisipaliteit, is ontoelaatbaar en sal aansoekers onmiddellik diskwalifiseer.

Navrae kan gerig word aan: kan gerig word aan: Mnr. W. Jonker of Me. E. de Wet by Tel: 027-3418 500

Aansoeke kan gerig word aan:

Die Munisipale Bestuurder
Hantam Munisipaliteit
Dr. Nelson Mandela Rylaan 20
Privaatsak X14
Calvinia,
8190
Epos: petersone@hantam.gov.za

- U aansoek sal onderworpe wees aan ‘n ‘vetting’ proses wat ‘n mediese geskiktheidstoets insluit.
- Nie rokers word aangemoedig om aansoek te doen.
- Hantam Munisipaliteit behou die reg voor om nie ‘n aanstelling te doen nie.